

CHRISTEN VLUGTELINGE

VOORSIEN HULP AAN ANDER IN MORIA

Nadat Griekeland se grootste vlugtelingskamp in September afgebrand het, het Afgaanse en Iranse Christene hulle eie karige inkomste gebruik om noodvoorrade aan te koop en uit te deel aan diegene wat deur die brand haweloos gelaat is. SAT-7 PARS se program, *Geheim van Lewe* het hierdie getuienis gedeel en Afgaanse kykers gelei in gebed vir diegene wat deur die brand geraak is.

Yaser, 'n Afgaanse Christen wat die Moria kamp op Lesbos eiland gereeld besoek, het in *Geheim van Lewe* vertel hoe nuwe gelowiges kos voorberei en uitgedeel het aan diegene wat hulle ken. Die Verenigde Nasies program het die hulpverlening voortgesit.

“Kosbare vriende wat nuwe gelowiges is en in die kamp tot geloof gekom het, het hierdie dienswerk verrig,” vertel Yaser aan Pastor Shoab, aanbieder van *Geheim van Lewe*.

“Hulle het hul eie karige fondse gebruik om mee te help. Self kry hulle 'n klein toelaag van die [Griekse] regering. Dank God vir die hart wat Hy hulle gegee het.”

Yaser verduidelik hoe die kamp se verwoesting die reeds moeilike lewensomstandighede van Moria se 13,000 vlugtelinge beïnvloed. Op daardie stadium, met die uitsaai van die program, het meeste vlugtelinge geen skuiling gehad nie en buite geslaap. Hy voeg by dat “met die Here in hulle harte ervaar die Christene meer vrede as ander.”

Na raming is 70 persent van die vlugtelinge in Moria van Afganistan. Shoab het Afgaanse kykers van die Dari* program in gebed vir die vlugtelinge gelei. In die Bybelstudie gedeelte van die program het hy verduidelik hoe die opofferende gee van die nuwe gelowiges in die Moria kamp Jesus se lering demonstreer dat Sy volgelinge die ‘sout van die aarde’ en ‘lig van die wêreld’ moet wees.

Here, ons vra U voorsiening en beskerming vir die duisende vlugtelinge oral, veral vir diegene wat die kwesbaarste is. Wees hulle genadig met die komende winter en die risiko wat Covid-19 vir hulle inhou. In Jesus se Naam, Amen.

**Dari is die amptelike taal in Afganistan.*



Gebeds † Nuus



November 2020

Vlugtende vrou uit Moria kamp

MAAK
HOOP
SIGBAAR

SUID-AFRIKA KANTOOR:
Posbus 242
Carnarvon NC 8925
southafrica@sat7.org
+27(83) 628 6488/+27(71) 375 1578
Kontak asb kantoor vir bankbesonderhede

Kopiereg © 2020 SAT-7
www.sat7sa.org
www.sat7.org
www.sat7uk.org

7.0 AARDBEWING STUUR SKOKGOLWE DEUR TURKYE

SAT-7 TÜRK en ander organisasies neem, na die aardbewing op 30 Oktober, die voortou in gebed en ondersteuning. Hierdie inisiatief het tot eenheid tussen die mense in Izmir en Turkye gelei.

“Die situasie is veel erger as wat deur televisie of op sosiale media deurgegee word,” vertel Refik Topcu, Vice-President en Konsultant van First Hope, betrokke in Turkye. “Dit is nie net die sterftes en skade aan geboue nie, daar heers ook baie vrees en kommer.”

Volgens Turkye se Ramp en Noodbestuur Owerheid het 17 geboue inmekaar gestort of is beskadig, minstens 900 mense is beseer en meer as 100 sterftes bevestig.

“Ons sien wonderwerke waar mense oorleef en uit die puin gered word. Op 2 November is 'n driejarige dogtertjie gered wat meer as 65 uur vasgekeer was.

“Elke reddingspoging verenig die gemeenskap en gee hulle moed en krag,” vertel Topcu.

SAT-7 TÜRK ondersteun en bemoedig kykers in hierdie moeilike tyd. Boodsappe van kerkleiers regoor die land word uitgesaai en versterk die Christen gemeenskap in Izmir. Die Christene in Turkye word deur die gebeure as 'n hegte familie saamgebind, tot bemoediging van almal.

“Die aardbewing in Izmir het 'n impak op ons almal – ons het vir dae nie geslaap nie,” is Melih Ekener, Uitvoerende Direkteur van SAT-7 TÜRK, se reaksie na die aardbewing. “Ons bid dat mense gered word uit die puin, en dat diegene wat geliefdes verloor het, vertroos sal word.”

- Bid vir die mense in Izmir wat in vrees vir nog 'n aardbewing leef.
- Bid vir die families wat geliefdes verloor het. Mag hulle vertroosting, geestelike krag en genesing ervaar.
- Bid dat hierdie tragedie gelowiges nader aan God sal bring en andere na die Bron van Hoop lei.
- Daar is die moontlikheid van nog aardbewings, veral in Istanbul. Bid dat die nodige voorsorgmaatreëls getref sal word ten einde lewens te spaar.



BEIROET PASTOR SE OPTREDE RED SY GEMEENTE

Tydens die ontploffing op 4 Augustus in Beiroet sou die nabygeleë Kerk van God volgepak gewees het. Maar, daar was niemand nie – want ure voor die ontploffing het Pastor Saeed Deeb, sonder om te weet hoekom, oortuig gevoel om almal huis toe te stuur. Hy deel sy getuigenis van hierdie goddelike ingrype, wat sy gemeente beskerm het, op SAT-7 ARABIES.

“Die plafon het ingeval, die glasvensters en rame is van die een kant van die vertrek na die ander kant geslinger. Alles tussenin is verwoes deur die impak van die ontploffing. Indien die kinders, of enige iemand anders daar was, sou hulle nie oorleef het nie,” sê Saeed Deeb, Senior Pastor van die Kerk van God.

In ’n spesiale onderhoud met *Jy is nie Alleen nie* vertel die pastor dat hy en baie ander vroeër die dag by die kerk was vir ’n biduur, Bybellesse vir groepe kinders en om kos voor te berei vir vlugtelingsfamilies in die gebied. Maar vir Pastor Deeb het iets nie reg gevoel nie.

“Ek het daardie dag ’n beswaardheid in my hart gevoel. Ek het bekommerd gevoel,” onthou hy. “Ek het gevoel dat ons almal moeg is en vroeg moes klaarmaak. Dit was ’n vreemde en ongewone gevoel. Ek het gevoel almal moet huis toe gaan en rus.” Aanvanklik was hy huiwerig om gehoor te gee aan hierdie gevoel. “Maar, ek het by myself redeneer dat rus van die Here is. Die Here wil hê ons moet gaan rus.” Gedryf deur, wat hy beskryf as ’n opdrag van die Heilige Gees om te “gaan, gaan, gaan”, het hy almal huis toe gestuur.

Op daardie stadium was daar 200 kinders in die kerk en 34 personeellede, en aktiwiteite was vir die hele middag en aand geskeduleer. “Ek het hulle gevra om te gaan. En hoe meer ek hulle vra om nou te gaan, hoe intenser word die gevoel in my binneste. Ek het hulle gevra om te gaan en by die huis te rus en nie terug te kom voor Sondag nie,” vertel hy. Toe die personeel huiwerig is om gehoor te gee, het Pastor Deeb hulle rekenaars vir hulle afgesit.

Na die ontploffing daardie aand het hy na die kerk teruggegaan en gevind dat die pad gesluit is as gevolg van die geboue wat ineengestort het. Oral was net verwoesting en puin. Sy optrede het verhoed dat die gemeentedele tydens die ontploffing in die erg beskadigde kerk is. Hierdeur is hulle lewens waarskynlik gespaar.

Pastor Deeb getuig ook dat hyself afsonderlik gered is deur goddelike ingrype. Hoewel hy daardie betrokke aand ’n afspraak by die hawe gehad het – waar die ontploffing plaasgevind het – is hy deur ’n pastor vriend oorreed om ’n ete by sy huis by te woon.

Pastor Deeb stuur ’n bemoedigende boodskap aan die Libanese kykers in *Jy is nie Alleen nie* en versoek hulle om geloof te behou en na die Here te kom. “Verheerlik Hom en vra Hom om in jou lewe teenwoordig te wees. Hy belowe: ‘Ek is met jou.’ Hy sal ons nie vergeet nie,” bemoedig hy hulle. “Volhard in geloof, selfs wanneer alles donker lyk en die graanoes verdor. Moenie hoop verloor nie.”

Na die ontploffing het Pastor Deeb ’n boodskap na die Siriëse vlugtelinge en ander behoeftige families wat die kerk ondersteun, gestuur en hulle verseker dat die uitdeel van voedsel normaalweg voortgaan.

“Dit was my eerste opdrag,” vertel hy. “Ons het voor die ontploffing gewoonlik 200 kospakkies uitgedeel. Die dag daarna het ons 700 uitgedeel. Met die een hand ruim ons op en met die ander deel ons kospakkies uit. En ons sal daarmee voortgaan.”

VIDEO: <https://www.facebook.com/SAT7UK/>



ONTMOET ONS KYKERS

Bid asseblief vir die volgende kykers terwyl jy hulle boodskappe lees:

KYKER IN IRAK

“My familie is te arm om vir ’n ambulans en dokters te betaal, maar ons is almal siek met COVID-19. Vra God om ons te help en te genees.”

KYKER IN EGIPTE

“Ek volg julle programme al ’n maand lank en wil ’n volgeling van Jesus wees. Bid vir my dat ek kan weet hoe om ’n God van liefde en vrede te aanbid.”

KINDERKYKER IN SIRIË

“Vra God om mense wat huise, skole, kerke en dorpe verwoes te stop. Bid dat my broers en ek weer sal kan teruggaan skool toe.”

KYKER IN LIBANON

“Bid vir my om te weet wat om te doen. My vrou is in die hospitaal. Ons woonstel het nou geen vensters nie en ons kinders se skool en my winkel is verwoes in die ontploffing.”

KYKER IN IRAN

“My neef en sy vrou is swaar tronkstraf opgelê op grond van hulle geloofsoortuiging. Hulle kan nie borgtog bekostig nie. Bid vir geregtigheid vir hulle.”

KYKER IN TURKYE

“Dankie dat julle mense soos ek help wat nie toegang tot ’n kerk of ander gelowiges het nie. Bid dat ek die saamwees met ander Christene kan beleef.”